



# MYNS INSIENS

## Die regte besluite werp vrugte af

Deur dr Faffa Malan

**Die spreekwoord sê 'n mens se toekoms lê in jou eie hande! Vir my is dit nie heeltemal waar nie, want daar is soveel dinge om my waarop ek geen invloed het nie. Politieke besluite, die wisselvalligheid van die rand, droogte, brande, vleis-, wol- en melkpryse, om maar net 'n paar te noem.**

Wat ek wel weet, is dat daar sekere dinge is waarop ek wel kan konsentreer en wat 'n positiewe uitwerking op my toekoms sal hê! Dis besluite wat ek willens en wetens elke dag kan neem om vir my 'n beter toekoms te verseker.

Ek wil 'n paar opnoem:

- Om elke dag te besluit dat ek aan sekere dinge iets kan doen en dat ek op ander geensins 'n invloed het nie. Ek kan my siek bekommer oor die politieke situasie en dinge wat my elke dag negatief gaan maak, terwyl daar wel dinge is waarop ek my positief kan instel.
- Deur op die mooie te konsentreer en van die negatiewe af "weg te hardloop", is al 'n begin.
- Om dankie te sê vir dit wat ek het, want

baie mense om my besit dit nie.

- Om te beseft dat elke besluit wat ek neem, óf 'n positiewe óf 'n negatiewe uitwerking op my gaan hê.

Uit die aard van my werk kom ek elke dag in aanraking met verkeerde besluite wat geneem is, en ek wil veral konsentreer op boerdery.

### Bekamping van beesbrusellose

Biosekuriteit (die beskerming van lewe) is seker vandag een van die algemeenste woorde op almal se lippe, maar verstaan ons prakties waarvoor dit gaan?

Beesbrusellose is in die *Veterinêre Strategie (2016 – 2026)* aangedui as die modelsiekte wat beheer en uitgeroei moet word. Die vraag is egter wat elkeen doen om sy deel tot hierdie projek by te dra.

Ent jy elke vers tussen die ouderdom van vier en agt maande in met Stam 19- of RB51-entstof, soos wat die wet bepaal, om die verspreiding van die brusellose-bakterieë te verminder en die immuniteit van jou beeste teen die siekte te verhoog?

Is jy op hoogte van hoe beeste die siekte kan opdoen? Maak jy seker dat jou kudde gereeld getoets word om te keer dat jy die siekte in jou kudde het? Sorg jy dat jou plaas se drade en hekke in 'n goeie toestand is? Lig jy jou bure in dat dit 'n siekte volgens gebied

is en dat hulle ook moet saamwerk?

Weet jou bure wat met wild boer dat buffels ook die siekte kan opdoen en dat hul waarde slegs hul slagwaarde sal wees indien die siekte in die kudde voorkom? Weet jy en jou bure dat as jy brusellose-besmette verse inkoop, hulle eers positief sal toets nadat hulle gekalf het?

Om 'n bees waarvan geen behoorlike geskiedenis en gegewens beskikbaar is nie op 'n veiling te koop en sonder kwarantyn in 'n kudde in te bring, kan tot 'n ramp en selfs tot brusellose vir die boer, sy familie en die werkers lei.

### Ander siektes en probleme

Trigomonose is ook een van die siektes wat 'n mens deur 'n enkele verkeerde besluit in jou kudde kan inbring. Wanneer 'n mens 'n positiewe dier koop, kan jou vroulike diere se kalfpersentasie met soveel as 50% val. Maak seker dat negatief getoetste bulle gekoop word, plaas hulle in kwarantyn en toets weer!

Die volgende siektes en probleme kan ook met 'n verkeerde besluit ingekoop word: Weerstandige bloubosluis, weerstandige haarwurms (skape, swartwitpense, bastergemsbokke), lewerslakwurms, rooiluis, skaapbrandsiekte, vibriose, Johnse siekte, kieme wat absesse veroorsaak, beesvirusdiarree (BVD) en ingekoopte voerbale met gifplante en bosluis daarin wat 'n rooiwater-uitbreking tot gevolg kan hê. Onthou om diere altyd in kwarantyn te plaas voordat hulle in 'n kudde ingebring word.

### Raak betrokke

Raak betrokke by georganiseerde landbou en die Diergesondheidsforum in jou provinsie.

'n Nuwe jaar lê voor die deur met soveel uitdagings en geleenthede. Vir diegene wat die hand aan die ploeg slaan en eers dink en beplan voor besluite geneem word, wag 'n mooi jaar. Die oorheersende rede is dat mense elke dag veilige voedsel benodig.

Ek wens almal wat deel is van hierdie wonderlike bedryf net die mooiste toe! **VP**

